

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE BASIESE BEGINSELS VAN FINANSIËLE REKORDHOUDING

Die meeste boere wil net twee vrae uit sy finansiële rekords beantwoord hê: “*Hoeveel BTW gaan ek terugkry?*” en “*Sal ek vanjaar belasting moet betaal?*”. As dit ‘n boer se benadering is, dop hy beslis die vaardigheidstoets vir ‘n boerdery. Dit is van wesentlike belang dat hy die basis van rekeningkundige verslagdoening moet verstaan. Hoewel hy dit nie self hoef te doen nie, het hy hierdie kennis nodig om sy besigheid behoorlik te kan bestuur. Die boekhouer teken slegs die transaksies wat plaasgevind het volgens sekere vereistes en beginsels op maar uiteindelik moet die boer hierdie inligting gebruik om besluite te neem.

Gebruike

Die opsteller van die finansiële inligting, naamlik die boekhouer, is nie die gebruiker van die inligting nie. Die boer behoort die primêre gebruiker daarvan te wees maar is dit in die praktyk ongelukkig nie. Vir die meeste boere is die finansiële rekords ‘n onnodige uitgawe om die Ontvanger gelukkig te hou.

Finansiële inligting behoort eerstens intern deur die boer gebruik te word om bestuursbesluite te kan neem. Tweedens is daar ook verskeie eksterne partye vir wie die inligting van wesentlike belang is. Uiteraard stel die Ontvanger belang wat die boer se inkomste was sodat hy verskeie vorme van belasting (BTW, inkomstebelasting, ens) daarop kan vorder. Meer belangrik egter as die Ontvanger is die belangstelling van finansiële instellings by wie die boer geld leen om sy boerdery mee te finansier. Finansiële rekords, verwerk tot finansiële state, is die enigste manier waarmee die finansiële welstand van ‘n boerdery gemeet kan word en dit is waarin die finansierders belang stel.

Dikwels is die finansiële state op hulle eie nie voldoende om bestuurs- of finansieringsbesluite mee te kan neem nie. Gevolglik moet dit met aanvullende bestuurstate uitgebrei word. Hoewel dit meer omvattend is, moet dieselfde maatstawwe en vereistes as vir rekeningkundige state gebruik word. Die gebruikers van die inligting, hetsy intern of ekstern, plaas vertroue in die inligting en moet seker wees dat dit die ware toedrag van die boerdery se finansiële welstand weergee en dat dit op dieselfde wyse as enige ander besigheid opgestel is. Daarom is dit meer raadsaam om die finansiële state deur ‘n professionele boekhouer te laat opstel en nie sommer deur tannie Marie wat lank by die bank gewerk het nie.

Begrippe

Daar is ‘n paar beginsels en begrippe van rekeningkunde wat altyd in gedagte gehou moet word omdat dit die grondslag van rekeningkunde neerlê. Die grondbeginsels van finansiële rekordhouding is:

- Om verslag te doen oor die finansiële posisie van ‘n besigheid se aktiwiteite;
- Om hierdie verslag vir ‘n spesifieke periode (maand of jaar) te doen;
- Om die verslag in monetêre terme (geld) aan te bied;

- Om die verslag volgens dubbelinskrywings te doen wat deur 'n eenvoudige algebraïese verhouding werk naamlik Eienaarsbelang = Bates – Laste. Hierdie verhouding kan gebruik word om die finansiële posisie van 'n besigheid op enige gegewe tydstep mee te bepaal;
- Om soortgelyke transaksies altyd konsekwent in elke finansiële periode te hanteer;
- Om transaksies ingevolge hulle toevallingsdatum aan te teken en nie noodwendig volgens betaaldatum nie ('n Boer koop op skuld by die koöperasie en betaal eers na die seisoen. Die toevallingsdatum is die datum van aankoop en nie die datum van betaling na die oes nie.)

Die indeling van rekeninge binne die finansiële rekords word soos volg gedoen:

- Vate bates, los bates, beleggings en debiteure: Hierdie rekeninge dui aan dat die boerdery in besit van sekere items of geld is;
- Krediteure en Lenings: Die boer skuld sy krediteure nog geld maar het reeds geld, goedere of dienste daarvoor ontvang;
- Inkomste: Dit is goedere of dienste wat deur die boerdery verkoop of gelewer is;
- Uitgawes: Dit is goedere of dienste wat aangekoop is om 'n inkomste mee te kan genereer;
- Eienaarsbelang: Dit is die boer se eie kapitaal wat hy aan die boerdery beskikbaar stel. Hierdie waarde sal jaarliks ook toe- of afneem as daar 'n wins of 'n verlies gemaak word. Winste en verliese is die eienaar se vergoeding uit die boerdery.

Kontrolering

Finansiële rekords is nie altyd sonder foute nie. Daarom moet die transaksies wat in die boerdery se rekords aangeteken word gereeld met die bank en krediteure se rekords vergelyk word sodat foute reggestel kan word. Hierdie proses van rekonsiliasie moet verkieslik maandeliks uitgevoer word sodat verskille dadelik reggestel kan word.

Die proses van bankrekonsiliasie behels die vergelyking van die bankrekening in die boer se rekords met die transaksies wat op die bankstaat verskyn. Alles wat op die bankstaat verskyn en op die boer se bankrekening aangetoon is, word afgemerk. Transaksies wat nie afgemerk is nie, word as uitstaande hanteer en by die bepaling van die gerekonsilieerde saldo in berekening gebring. Indien daar meer as een bankrekening of groot krediteure is, word elkeen van hulle rekeninge op hierdie wyse gerekonsilieer. Daarmee word die korrektheid en betroubaarheid van die finansiële rekords deurlopend gekontroleer.

Saam met die maandelikse rekonsiliasie word die saldo's van bates en laste ook op die finansiële jaareinde met behulp van saldoserifikate bevestig. Huurkope, ander lenings en beleggings se bedrae in die finansiële rekords word sodoende gekontroleer. Die veegetalle wat deur die boer verskaf word en die kontrolering van vaste- en los bates op die bateregister bevestig dan die bates se waardes in die balansstaat.

Samevatting

Die boer is verplig om ten minste jaarliks state op te stel wat vir die Ontvanger aanvaarbaar is. Dit is ook 'n vereiste dat finansiële rekords aan rekeningkundig korrekte praktyke moet voldoen om vir 'n wye spektrum van belanghebbendes aanvaarbaar te wees. Laastens, en seker die mees belangrikste, is dit nodig dat die boer ook bestuursrekords byhou waarop hy sy besluite kan neem.

Ter antwoord op die vraag hoekom die boer finansiële rekords moet hou, kan daar dus gesê word dat dit oor akkuraatheid, betroubaarheid en aanvaarbaarheid van die finansiële stand van die boerdery gaan en dat dit ook oor die tydige beskikbaarheid van bestuursinligting gaan. Dit sal die vaardigheid waarmee die boer sy boerdery bestuur en gevolglik ook die finansiële stand van die boerdery, direk beïnvloed.

BETHLEHEM
November 2005